UITREIKAKSIE MET VGK

Met winter aan die kom, gaan ons by ons maandelikse kuiergroep met die dames van die VGK, 'n breisessie hou waar ons blokkies vir komberse gaan brei. Indien jy die pret met ons wil deel, is jy baie welkom om by ons aan te sluit.
Datum en tyd: 21 April om 15:00
Plek: VGK kerkgebou in Proteadorp
Vir meer inligting, bel 0282713208.

BASAARKOMITEE EN SAMEROEPERS SÊ DANKIE

Geen basaar se sukses hang van een of twee of drie mense af nie. Elke lidmaat wat bygedra het, elkeen wat stoorplek gegee het, elkeen wat gebak en gebottel het, elkeen wat die basaardag gewerk het, elkeen wat ondersteun het, het bygedra tot die sukses van die basaar. Baie dankie vir almal se positiewe gesindheid en lekker saamwerk.

Koektafel
Daar word gesoek na 'n plastiese bak en 'n ander bak se deksel wat na die basaar vermis word.

Poedingbakke
Hier is 'n skeplepel by die kantoor – dit het by die basaar agtergebly. Indien iemand roomysbakke kan gebruik, kan dit by die kantoor gekry word.

Verpakkingsmateriaal
Alle verpakkingsmateriaal wat van die basaar oorgebly het, moet asseblief terugkom kerkkantoor toe.

E-POS ADRESSE

Die administrasiekommissie beplan om eersdaags op Vrydae 'n vooraf Kerkklok, (die eerste gelui!) aan lidmate te stuur via e-pos. Indien lidmate dit graag sou wou ontvang, moet hulle net by die kerkkantoor seker maak dat hul korrekte e-pos adres wel op die lidmaatregister is.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:
S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

15 April 2018

Welkom by die Erediens

08:30 Erediens: Kerksaal - Dr. Chris Malan

09:00 Erediens: Hangklip - Ds. Steven Sass

09:30 Erediens: Kleinmond - Dr. Chris Malan

Deurkollekte: Jeugwerk

Eredienste Sondag 22 April 2018

08:30	Erediens Kerksaal
09:00	Erediens Hangklip
09:30	Erediens Kleinmond
Deuroffer	**Zimbabwe/Malawi/Mosambiek**

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

ONS GEE OM

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Johan Smal: HK1 (☎3427),
Piet Barnard: HK2 (☎5405), Johan Naudé: BB5 (☎9955),
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Lida Fourie: Bb1,
Elma Hagen: Bb2 (☎5503), May Neethling: Bb4 (☎5791),
Tienie Geldenhuys: Sa4 (☎4814) en Schalk Fourie: KB1. Nols Geldenhuys

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .
Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons almal wat vandag verjaar gelukwens:

Eben Cloete (PB3), Nico Coetzee (HK3),
Marina Geldenhuys (KB1), Piet Roos (Sb3).

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Dinsdag	15:00	Kleinmondbasaar se sameroepers vergader vir evaluering.
	16:30	Gebedsgroep
	18:30	Getuienis
Woensdag	15:00	Vrouediens-komitee
	17:30	Erediensaksie
	18:30	Aksie vir Gesinsbediening
Donderdag	16:00	Kooroefening
	18:30	Diensverhoudinge

DEMENSIE ONDERSTEUNINGSGROEP

Op 19 April (10:00 by Kogelpark) kom Emergency Medical Rescue (EMR) ons besoek. Almal welkom. Bel Madeleine 082 434 7377.

GEBEDFOKUS

Dank aan Hemelvader vir geseënde Paasfees en basaar.

Ons bid vir: Skole vir nuwe kwartaal
Ons leraars, kerkraad, kerkkantoorpersoneel, koster en bedieninginge vir seën op hulle werk.
Vir Pinkster -leraars vir salwing van Heilige Gees vir boodskappe, geestelike verdieping en groei vir gemeente.
Almal in Kleinmond wat leiersposisies beklee vir wysheid, gees van versoening en wedersydse begrip.
Ons bid in groot afhanklikheid en met verwagting vir goeie reën

Ons gebede is soos instrumente in ‘n orkes.
Almal speel saam in ‘n magtige simfonie tot eer van Sy naam – Jakob Boehme

LUISTERGROEP VIR MENSE WAT DEUR DEPRESSIE GEAFFEKTEER WORD.

Hierdie groep is beide ‘n luister- en ondersteuningsgroep. Ons wil graag ruimte skep waar mense veilig en gemaklik voel om hul stories en ervaring met mekaar te deel.
Ons beoog om aanvanklik tweeweekliks bymekaar te kom. Ons beoog om in die derde week van Mei 2018 weg te spring.
Wanneer jy kontak maak en aandui dat jy belangstel om in te skakel, moet jy asseblief aandui watter tyd van die dag so ‘n groepbyeenkoms jou sal pas. En op grond van hierdie terugvoer sal ons finale reëlings tref en aan almal deurgee.
Die groep word gefasiliteer deur
Anita Hattingh, Joanne Momsen en dr. Chris Malan.
Skakel gerus met Anita (071 677 0904), Joanne (082 797 8622), of dr. Chris (0721987279).

GEBEDSGROEP

So aan die begin van die nuwe kwartaal nooi die gebedsgroep weer alle lidmate uit wat op ‘n Dinsdagmiddag om 16:30 in die konsistorie wil kom saam bid om by die groep aan te sluit. Daar word voorbidding vir ons gemeente gedoen.